NOVEMBER 2025

# BEVONK

TYDSKRIF

**ONS IS TERUG!**

LEER HOE OM JOU GUNSTELING KUNSTENAAR SE BESTE MAALTYE TE MAAK

**ZOÉ**
**GIFT**
**ANDRIËTTE**
**DEON GROOT**




**NICHOLIS LOUW**
**DIE PAD**

**OOS WES, TUIS BES!**

# Welkom

## DIE EERSTE KLANK

Die lente is hier, en oral om ons begin die wêreld weer blom. Elke jaar herinner hierdie seisoen ons aan die siklus van die lewe — 'n nuwe begin wat ons met vreugde en verwagting ontvang. Nou staan ons aan die vooraand van die laaste seisoen van die jaar, en hoe wonderlik is dit nie om die blomtyd voluit te beleef nie! Alles voel ligter, mooier en vol moontlikhede.

Met lente kom daar ook nuwe planne en vars idees. Soms voel dit egter of sosiale media ons vasvang tussen die hede en 'n nostalgiese verlange na die eenvoud van lees. Juis daarom het ons besluit om weer 'n digitale tydskrif aan te bied: 'n ruimte gevul met vars nuus, inspirerende stories en interessante leestof.

Ons span is tans nog besig om te besluit hoe gereeld hierdie publikasie sal verskyn. U, ons lesers, speel 'n groot rol in daardie besluit — hoe meer julle daarvan hou, hoe meer gereeld sal ons dit saam met julle deel.

Mag hierdie lente en blomtyd vir julle net soveel vreugde en inspirasie bring soos wat dit vir ons doen in die saamstel van hierdie tydskrif.

Met vriendelike groete,
Die Redaksie


# Redakasie

### HOOFKOÖRDINEERDERS

**KOBIE KOEN**
KOBIE@VONK.CO.ZA

**MARELY KOEN**
MARELY@VONK.CO.ZA

### REDAKTEUR

**ELSTER PIETERSE**
ELSTER@VONKMUSIEK.CO.ZA

### PUBLISITEIT EN BEMARKING

**ASHLEY DU TOIT**
ASHLEY@VONKMUSIEK.CO.ZA

### MEDESKRYWERS

ASHLEY DU TOIT
ELSTER PIETERSE
FRANCOIS ROUX

### KUNSTENAAR BESPREKINGS

JULENE@VONKMUSIEK.CO.ZA

### UITLEG & GRAFIESE KUNS

**ANDREA JANSEN**
ANDREA@VONKMUSIEK.CO.ZA
**EVERT GROBLER**
EVERT@COOLERBOXBROTHERS.COM

### FOTOGRAWE

ANDREA JANSEN
JULUIS BEKKER
PIETER PIETERS
MICHAEL VAN ZYL
QUINTIN VAN DER MERWE
ALEX CHRIS PHOTOGRAPHY

# Juan Boucher

Ek het lank en hard gewerk om die beste uit myself te kry, om vir jou musiek te gee vir die toekoms en vir geskiedenis. Dit is tydloos en dit is fantasties in een sin. Ek maak jou gereed vir 'n goeie tyd saam met my en my nuwe stories vasgevang in die hart van melodie. Dis presies wat liefde doen! Hier is dit nou!






NOU BESKIKBAAR OP ALLE DIGITALE PLATFORMS

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| 6 | ONS KUNSTENAARS |
| 10 | ANDRIËTTE |
| 13 | VELLIE BOUTIQUE |
| 16 | GOEIEMÔRE GOOD MORNING |
| 17 | NOORD TOT SUID |
| 18 | VAN KUNS TOT KUNSTENAAR |
| 20 | AGTER DIE DROMME |
| 22 | DIK VERLIEF 2025 |
| 24 | DSP CARTEL |
| 26 | WIE IS ZOÉ |
| 30 | KLEINGROENBLOHM |






VONK MUSIEK

# INHOUDSOPGAWE


34 WIE IS DEON GROOT

35 COOLERBOX BROTHERS

36 VONK ERKENNINGS

38 OU SILWER

40 NICHOLIS LOUW - DIE PAD

42 FEESKOORS IN SUID -AFRIKA

44 WIE IS VONK

45 KUNSTENAAR SE RESEPTE

51 ONDERHOUD MET GIFT MATJILA



# ONS
## KUNSTENAARS

Met 'n indrukwekkende verskeidenheid kunstenaars bied hierdie platform iets vir elke musiekliefhebber. Van die legendariese Dozi Anton Goosen en Jan Blohm tot die nuutste kunstenaars WG Nel, Vrede en Zoé - die lys spog met groot name en nuwe talent.





















# ONS
## KUNSTENAARS

























# ONS
## KUNSTENAARS


















BESPREKINGS

# OOS WES, TUIS BES!



# ANDRIËTTE
## SE GESONDE "GUT" OP PAD
'n Reis na Welstand en Balans

> Andriëtte is nie net 'n sangeres met 'n kragtige stem nie — sy is 'n inspirasie vir enige iemand wat op soek is na balans in 'n gejaagde lewe. Haar *"gut health"*-reis is nie net 'n modegier nie, maar 'n leefstyl: eenvoudig, volhoubaar en diep menslik.





“ Met 'n musiekloopbaan wat haar regoor die land neem, sou 'n mens dink dat 'n gesonde leefstyl vir sangeres Andriëtte 'n onmoontlike uitdaging sou wees. Maar inteendeel — sy bewys dat selfs die besigste dagrooster plek het vir goeie keuses, spesifiek wanneer dit by jou "gut health" kom. "Dit klink moeilik om 'n "gut"-leefstyl te volg op die pad, maar dis eintlik heel eenvoudig" sê Andriëtte met 'n glimlag. Haar geheim? Voorbereiding, balans en om nader aan die aarde te leef.

Wanneer die meeste mense nog slaap, is Andriëtte reeds op. "Ek staan vroeg op en maak seker ek kry 'n goeie, gebalanseerde ontbyt in," verduidelik sy. Dié eerste maaltyd stel die toon vir die res van die dag — ryk aan voeding, en nie net vinnige suiker nie.



Maar dit stop nie daar nie.

Andriëtte pak altyd 'n klein sakkie met gesonde happies saam: rou neute, biltong en vars bessies. Hierdie keuses is nie toevallig nie. "Ek konsentreer op "snacks" wat goeie vette en proteïen bevat, omdat dit jou langer vol hou en jou bloedsuikervlakke meer konstant hou," sê sy.

Vir middag- en aandetes, probeer sy eenvoudig hou: groente en 'n proteïen is altyd die hoofkarakters op haar bord. En wanneer sy weet sy gaan laat eet, berei sy vooraf: "Ek drink 'n klein smoothie voor ek uitgaan om my bietjie vol te hou — dit keer dat ek vergryp aan snacks later die aand."

Andriëtte se lewensfilosofie wanneer dit kom by koskeuses is duidelik en kragtig: "Om na jou "gut" om te sien, moet jy leef volgens die reël: nader aan die aarde, verder weg van 'n fabriek. Eet soos die grotman."

Hierdie benadering sluit verwerkte voedsel uit en moedig natuurlike, tuisgemaakte disse aan. "Maak kos meer in jou eie kombuis," sê sy. En dit werk — haar energie, voorkoms en gees spreek boekdele.





# ANDRIËTTE SE GUNSTELING "GUT HEALTH"-WENKE VIR WANNEER SY OP TOER IS

- **Pak vooruit**

Hou altyd 'n sakkie gesonde happies in jou handsak of motor sitplek.

- **Drink genoeg water**

Hidrasie is net so belangrik soos voeding.

- **Bly aktief**

Selfs 'n kort stappie ná 'n maaltyd help met vertering.



NUUT

VELLIE BOUTIQUE

# TRAP LIG
# LEEF WILD



MARY JANE

## VELDBLOM

**R995**

**BOKSBURG**
Cnr Rietfontein & 6th St
Boksburg North

**PRETORIA**
154 Thomson St
Colbyn

**KEMPTON PARK**
Shop GF16
The Harvest Place

**DURBANVILLE**
Groot Phesantekraal View
Klipheuwel Rd & Okavango Rd

WWW.VELLIEBOUTIQUE.CO.ZA

# CAPE TOWN

## VELLIE BOUTIQUE MAAK SY DEURE OOP IN KAAPSTAD!

Durbanville, ons is ongelooflik opgewonde om die deure van ons heel eerste Vellie Boutique in die Wes-Kaap oop te maak.

Die ikoniese Suid-Afrikaanse skoenhandelsmerk, Vellie Boutique, het amptelik uitgebrei na die Wes-Kaap met die glansryke opening van sy nuwe boetiek in Durbanville, Kaapstad. Geleë by die prentjiemooi Groot Phesantekraal View, is hierdie nuwe winkel die handelsmerk se vierde tak landwyd en voeg dit by sy groeiende voetspoor in Boksburg, Kempton Park en Pretoria.



## SO, WAT MAAK VELLIE BOUTIQUE ANDERS?

**DIT IS NIE NET DIE PREMIUM LEERSKOENE WAARIN KLIËNTE HULLE HARTE VERLOOR NIE – DIT IS DIE HART AGTER DIE HANDELSMERK.**



Vellie Boutique ondersteun trots plaaslik deur saam te werk met Suid-Afrikaanse vervaardigers en bekwame ambagsmanne wat help om werksgeleenthede te skep en gemeenskappe te bemagtig met elke handgemaakte paar.

Die Vellie Boutique-reis het selfs die aandag getrek van die land se grootste musieksterre – Juan Boucher, Jan Blohm, Appel en selfs Pieter Koen is al gesien met hulle Vellies aan!






# GOEIEMÔRE
# GOOD MORNING

Pieter Koen | Rozanne McKenzie | Elsa Esterhuizen | Thys van Zyl.

via.

**MAANDAE TOT VRYDAE**

06:00 tot 07:30

Regstreeks op VIA DStv-kanaal 147.

EMPERORS PALACE





Juan Boucher bring Noord tot Suid Waar Ons Klanke Woon na die Theatre of Marcellus.

Maak gereed vir 'n onvergeetlike aand vol musiek, stories en splinternuwe verrassings!
Juan Boucher, een van Afrikaans se mees geliefde sangers, tree op Vrydag, 21 November 2025 om 20:00 in die pragtige Theatre of Marcellus, Emperors Palace.

As deel van hierdie unieke vertoning, Noord tot Suid Waar Ons Klanke Woon, sal Juan saam met die talentvolle Tasché Burger op die verhoog wees.
Hulle gaan onder andere hul gewilde duet-treffers "Noord" en "Suid" saam uitvoer en vir die heel eerste keer ook paar verrassings met die gehoor deel.

Die aand word afgeskop deur die besonder talentvolle Len Muller, wat verseker die verhoog warm gaan maak vir hierdie spesiale geleentheid.
Moenie hierdie musiekaand misloop nie bespreek jou kaartjies nou en wees deel van 'n magiese ervaring waar Afrikaanse klanke tuis kom!




SCAN:



# VAN KUNS TOT KUNSTENAAR

***GESKRYF DEUR:***
FRANCOIS ROUX
PLATEMAATSKAPPY BESTUURDER

## EK KRY GEREELD DIE VRAAG:
## *"HOE WERK DIT OM BY VONK MUSIEK GETEKEN TE WORD?"*

As platemaatskappy bestuurder wil ek jou vandag 'n bietjie meer insig gee. My antwoord is eenvoudig – dit begin altyd by die liedjies. Ons glo dat ware kunstenaarskap lê in die vermoë om jou eie storie te vertel, en dit met eerlikheid en oortuiging te deel.

By Vonk Musiek fokus ons op liedjieskrywers en sangers wat musiek skep wat mense kan raak. 'n Goeie liedjie en 'n stem wat geloofwaardig is, dra vir ons veel meer gewig as duur produksie of tegniese perfektheid.

## JOU DEMO IS JOU SLEUTEL!

Ons ontvang daagliks versoeke van kunstenaars wat graag wil aansluit, maar sonder 'n demo kan ons eenvoudig nie jou unieke stem en styl behoorlik beoordeel nie. Ons vra dus dat jy minstens een opname instuur wat jou liedjieskryf, sang en indien moontlik instrumentale vermoë wys.

Dit hoef glad nie professioneel opgeneem te wees nie – 'n eenvoudige klavier of kitaar saam met jou stem is dikwels genoeg. Wat ons wil hoor, is jou skryfwerk, jou melodieë en jou vermoë om emosie vas te vang.

# MEER AS NET TALENT



Om deel van 'n platemaatskappy te wees, beteken om deel van 'n span te wees. By Vonk Musiek sien ons 'n loopbaan nie as 'n renbaan waarin jy vinnig moet wen en dan uitgebrand agterbly nie, maar as 'n volhoubare pad – een wat oor tyd opgebou word met harde werk, toewyding en geduld.

Ons sal jou ondersteun op daardie pad, maar jou sukses lê uiteindelik in jou eie hande. 'n Kunstenaar wat altyd die hardste werk in sy eie loopbaan, het altyd 'n beter kans om sy drome te verwesenlik. Harde werk sal altyd talent wen.

## JOU HOUDING MAAK DIE VERSKIL

Ons let sterk op na jou werksingesteldheid, jou positiewe houding en jou teenwoordigheid op sosiale media. 'n Aktiewe en gesonde aanlyn-teenwoordigheid wys dat jy jou loopbaan ernstig opneem en 'n verhouding met jou luisteraars bou. Dit maak ons samewerking net soveel sterker.



## ONTHOU:

Jou pad na sukses begin in jou eie hande – en as jy alles gee, sal ons alles saam met jou gee.

**HOE OM AAN TE SLUIT**

Indien jy voel jy het die talent, werksetiek en ingesteldheid wat by Vonk Musiek pas, stuur jou demo en besonderhede na:
📧 sing@vonk.co.za

# AGTER DIE DROMME MET CLINT SMITH: LESSE, LEGENDES & LEWE OP DIE PAD



## VONK:

Clint, jy het reeds op driejarige ouderdom begin dromme speel. As jy terugkyk, wanneer het jy besef dat dromme nie net 'n passie is nie, maar ook jou loopbaanpad?

## CLINT

Ek onthou beslis die tyd en plek toe ek besef het ek wil dromme speel as 'n loopbaan. Om my pa in die kerk te sien speel, is beslis waar my passie begin het. Al wat ek wou doen, was om die laaste paar liedjies te speel wanneer die kerk uit is. Ek was waarskynlik so 12 jaar oud toe ek besef het ek wil dromme speel vir 'n loopbaan. My pa het altyd vir ons vertel dat ons 'n familielid het, 'n neef met die naam Leon Shaw, wat 'n professionele drommer was en dit het my geinspireer. Toe reël my pa dat ons sy band Gasoline gaan kyk by 'n klub genaamd The Arms by Randburg, Waterfront. Aangesien ek minderjarig was, het Leon met die klub se eienaar gereël dat ons kan inkom om die band te kyk. Toe die band begin speel, was ek oorweldig deur die klank, dit was my eerste keer om 'n dromstel deur 'n groot PA-stelsel te hoor, die musiek, die genot om 'n goeie "live" band te sien – ek sou sê dit is beslis die oomblik waar ek besluit het ek wil dromme speel vir 'n lewe. Dit het toe 'n gereelde ding geword om Leon te gaan sien speel.

### VONK

Jy het by groot leermeesters soos David Klaasen, Leon Shaw en Andre Luke geleer. Watter eienskappe van hulle lei jou vandag nog?

### CLINT

Ek sou sê ek gebruik steeds ’n bietjie van elke leermeester hetsy op die verhoog of net tydens oefen. Byvoorbeeld, om Leon van jongs af “live” te sien speel, het my beslis geleer hoe om te speel en te verstaan hoe ’n “band setup” werk. David Klaasen was my eerste leermeester en hy het my geleer hoe om dromnotasie te lees en bladmusiek te speel, iets wat ek tot vandag toe nog gebruik, veral wanneer ek op kort kennisgewing ’n gig moet speel. By Andre Luke het ek ongelooflik baie geleer; hy het my laat besef hoe vindingryk die aanleer van ’n musiekinstrument eintlik is en dat jy nooit genoeg kan weet nie. Hy het my die grondbeginsels gewys en hoe jy daarop bou – dit het my beslis ’n beter begrip van musiek gegee. Andre het my ook geleer dat oefening baie belangrik is; beginsels word deel van jou daaglikse roetine. Ek was bevoorreg om Andre Luke se voltydse dromkursus The Groove Class by te woon, maar ongelukkig moes ek halfpad ophou weens lewensomstandighede. Ek het egter steeds baie in daardie tyd geleer.

### VONK

Vir ’n jong persoon wat ’n drommer in Suid-Afrika wil word, watter eerste stappe behoort hulle te neem?

### CLINT

Ek sou sê as dit net 'n stokperdjie is of jy eintlik in bands speel, sou ek plaaslike dromtutors in jou omgewing soek en lesse begin en met 'n klik/metronoom begin oefen. Netwerk met ander musikante, jam met soveel musikante as wat jy kan. Sluit by 'n orkes aan of begin jou eie orkes as jy kan.

### VONK

Hoe belangrik is formele opleiding teenoor selfleer, en waar lê die balans volgens jou?

### CLINT

Ek glo formele opleiding is baie belangrik – hoe vroeër, hoe beter. Om jou kuns te beoefen is noodsaaklik, dis hoe jy beter word. Selfleer is ook goed, veral as jy natuurlik talentvol is, maar ek glo jy kan altyd by iemand anders leer. Ek dink die balans lê daarin om te besef jy kan altyd iets nuuts leer, al ken jy reeds baie. Ek studeer self nog steeds dromme/musiek op die oomblik.

### VONK

Jy gee al 17 jaar lank dromlesse. Wat geniet jy die meeste daarvan om die volgende generasie te leer?

### CLINT

Die ding wat ek die meeste daarvan hou om dromme te leer, is om nuwe studente te kan leer. Hiermee bedoel ek 'n student wat glad nie weet hoe om dromme te speel nie. Ek geniet dit om die oorgang te sien van nie in staat wees om te speel nie, nie eers dromnotasie te verstaan nie, na nou toe slae en groewe te kan speel terwyl ek notasie lees.

### VONK

Laastens, wat lê voor vir jou? Is daar enige projekte of samewerkings waaroor jy opgewonde is?

### CLINT

Daar is dinge in die pyplyn – ek kan nou nog nie te veel sê nie, maar dit sal binnekort op my sosiale media wees.






# Jou nuwe gunsteling speellys

Of jy nou op 'n romantiese toer is, of knus voor die kaggel kuier met iemand spesiaal – Dik Verlief is die speellys wat jou hart se klanke laat leef.

Hierdie splinternuwe speellys is nou beskikbaar op Spotify, YouTube, Deezer en Apple Music – propvol Afrikaanse liefdesliedjies wat jou laat glimlag, hunker en selfs 'n traan laat rol.

Luister na hoogtepunte soos:

❤️ Nicholis Louw – Die Pad
💘 Juan Boucher – Dis Presies Wat Liefde Doen
🔥 Vrede - Tevrede
🌞 Leo Sonskyn – Sondagmiddag Liefde
🎶 Deon Groot – O'Lyfie
💫 TiNO - Vir Jou, Oor Jou

...en nog baie meer sielvolle treffers – alles gemaak met liefde, vir liefde.

👉 Soek "Dik Verlief" op jou gunsteling platform en laat die liefde deur musiek spreek!

Dik Verlief: Afrikaanse Liefde 2025 is die beste speellys vir elke romantiese oomblik – van tydlose klassieke treffers tot vars, moderne liefdesliedjies. Jy kry alles: van sagte ballades wat jou hart laat smelt tot vrolike pop-treffers wat die opwinding van verlief wees perfek vasvang.

Elke lied dra 'n storie van liefde – of dit nou gaan oor die eerste fladdering van nuwe romanse, die pyn van verlange na iemand spesiaal, of die warmte en sekerheid van 'n diepgewortelde verhouding.




## Klik Hier Om te Luister


















# STROOM JOU MUSIEK WÊRELDWYD

RAAK BETROKKE BY JOU AANHANGERS DEUR JOU MUSIEK OP SPOTIFY, APPLE MUSIC, TIKTOK, YOUTUBE, DEEZER, TENCENT EN MEER.
NEEM BEHEER OOR JOU REGTE DEUR DIE GEBRUIK TE MAAK VAN DIGITALE KONTRAKTE EN BLOKKETTINGTEGNOLOGIE

## WAT IS DSP CARTEL?


DSP Cartel is 'n digitale musiekverspreidings- en publiseringsdiens wat kunstenaars en platemaatskappye help om hul musiek wêreldwyd te versprei, tantième in te vorder,eienaarskap en beheer te behou. Dit verbind skeppers met groot stroomings platforms, verskaf gedetailleerde verkoopsdata, en ondersteun kunstenaars in die groei van hul musiekloopbane


## HOEKOM DSP CARTEL TE KIES


- Onbeperkte wêreldwye musiekverspreiding
- Direkte toegang tot digitale winkels en Stroomings platforms
- Sosiale platform vrystellings sonder 'n jaarlikse fooi
- Informatiewe verkoopdata
- Eienaarskap en kreatiewe beheer
- Veilige blokkettingtegnologie betalings
- Volledige deursigtigheid vir die kunstenaar
- Digitale kontrakte met outomatiese betalingsverdelings
- Mees Mededingende Prystruktuur
- Vooruitdenkend: Nuutste Tegnologie
- Veelvuldige Dienste vir Kunstenaars teen 'n Mededingende Prys
- Verslagdoening – Toegang tot Tantieme- en Tendensverslae


# DIE BELANGRIKSTE INKOMSTE STROME VIR JOU MUSIEK

STROME, AFLAAIE, YOUTUBE-MONETISERING, "SYNC LICENSING", TANTIÈME-INVORDERING, DIGITALE RADIO-INKOMSTE EN NOG MEER — WAAR OOK AL JY GELD UIT JOU MUSIEK KAN VERDIEN, SORG DSP CARTEL DAT JY BETAAL WORD



# Wie is Zoé?



In Julie 2025 het Zoé behoorlik die ligte uitgeskiet met haar kragtige pop-rock liedjie "Insecure Meisies." Die liedjie het reguit in die harte van jongmense geklim, want dit praat eerlik oor selfbeeld, afknouery en die druk wat vandag se jeug elke dag ervaar. Met lirieke wat die gevoel van jaloesie en onsekerheid perfek vasvang, het dit vinnig 'n liedjie geword waarmee baie kon identifiseer. Die eerlikheid van die lied, saam met 'n sterk musiekvideo, het vir Zoé se naam regtig begin vestig as 'n kunstenaar wat nie bang is om die moeilike goed aan te vat nie – en steeds daai lekker pop-gevoel hou.

Op Spotify het "Insecure Meisies" al oor die 239,000 stroomings gekry, en op Apple Music is dit verby die 333,000 stromings. Op die Maroela Media Afrikaanse Top-20 het dit sommer van dag een af op #9 ingekom en vinnig tot #2 opgeklim. Sedertdien hou dit ook sterk in die Top 4 op die Afrikaanse Apple Music ranglys, en dit is al op groot speellyste soos Afrikaanse Treffers, Alternatiewe Afrikaans, Cool Afrikaans en New in Afrikaans.

Zoé se pad in die Afrikaanse musiek het begin toe sy Tzaneen gelos het vir Pretoria – 'n groot stap wat vrugte afgewerp het. Haar debuutsnit "Crazy Meisie" het haar as 'n nuwe, selfversekerde stem bekendgestel, en mense het dadelik gehou van haar energie. Net daarna het sy "Liefhê" uitgereik – 'n meer sagte, hartlike liedjie wat gewys het sy het ook 'n diep kant, al bly die sprankel en energie steeds daar.



## ZOÉ - INSECURE MEISIES



***Zoé se nuwe enkelsnit, Insecure Meisies, gee 'n stem aan die dinge waaroor baie jongmense stilbly — boeliegedrag, selfbeeldkwessie en die druk om in te pas.***

### Meer van Zoé se musiek






















VONK MUSIEK
Blu Blood
Ticketpro
KLEINGROENBLOHM
GIAN GROEN | HERMAN KLEINHANS | JAN BLOHM
THEATRE OF MARCELLUS
EMPERORS PALACE
31 OKT 25
KAARTJIES IS NOU BESKIKBAAR

# ONTMOET DIE DIGTER


# KLEINGROENBLOHM

## GIAN GROEN



Gian Groen is 'n Afrikaanse sanger, liedjieskrywer en digter, bekend vir sy diep lirieke en unieke musikale styl. Hy is in die 1970's in Stellenbosch, Suid-Afrika, gebore en woon tans in Grabouw in die Wes-Kaap.

Groen het bekendheid verwerf as die stigter en hoofsanger van die alternatiewe Afrikaanse rockgroep Spinnekop. Die groep se albums Soet September (2000) en Groenkitaar (2002) het treffers soos "Suikerbossie Sunset", "Alles Sal O.K. Wees" en "0-100" opgelewer.



In 2022 is hy deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) vereer vir sy positiewe bydrae tot die bevordering van Afrikaanse musiek. In dieselfde jaar het hy die enkelsnit "Namib Woestyn" vrygestel, wat die 9de posisie op die Suid-Afrikaanse radiokaart bereik het.

Sy musiek kombineer poëtiese lirieke met 'n unieke Afrikaanse klank, en hy bly 'n invloedryke figuur in die Suid-Afrikaanse musiektoneel.

VONK MUSIEK Blu Blood Ticketpro


# ONTMOET DIE DIGTER

# KLEINGROENBLOHM

## HERMAN KLEINHANS

**Herman Kleinhans is ‘n Afrikaanse musikant, liedjieskrywer en akoestiese folk- en country-kunstenaar van Stellenbosch, Suid-Afrika. Sy unieke styl is 'n samesmelting van Americana, alt-country en Afrikaanse folk, met diep liriese insig en eerlike vertellings wat sterk steun trek uit sy musikale helde – Hank Williams, Johnny Cash en Willie Nelson.**

**Herman het landwyd bekendheid verwerf toe hy in Mei 2015 die kykNET-kompetisie Afri-Visie gewen het met sy gewilde treffer "Ek Sweer". Dié sukses het die afskoppunt geword van sy solo-loopbaan. Sy debuutalbum "Vir Megan" is later dieselfde jaar vrygestel, gevolg deur "Kamer 4" in 2017 en "Ruite Oop" in 2020 – laasgenoemde word gesien as ‘n mylpaal in sy ontwikkeling as storieverteller en liedjieskrywer.**





**Herman Kleinhans is ‘n uitsonderlike kunstenaar in die Afrikaanse musiekbedryf. Sy musiek strek oor genre grense heen en bring ‘n eg Suid-Afrikaanse klank na die verhoog – een wat gewortel is in storievertelling, introspeksie en ‘n liefde vir die taal.**

VONK MUSIEK · Blu Blood · Ticketpro

# ONTMOET DIE DIGTER

# KLEIN**GROEN**BLOHM



## JAN BLOHM



Jan Blohm se musiek word gekenmerk deur digterlike lirieke, rou emosie, en 'n sterk poëtiese aanslag. Hy put inspirasie uit Afrikaanse digters soos Breyten Breytenbach, en sy verhoognaam is inderdaad 'n huldeblyk aan Breyten Breytenbach se skuilnaam, "Jan Blom." Internasionale kunstenaars soos Bob Dylan, Stevie Ray Vaughan en Jimi Hendrix het ook 'n beduidende invloed op sy musikale benadering gehad.

Jan Blohm se werk – of dit nou musiek, poësie of beeldende kuns is – is 'n uitdrukking van sy diep menslikheid en sy unieke vermoë om emosie te vertolk. Met 'n loopbaan wat reeds oor twee dekades strek, het hy 'n blywende nalatenskap geskep in die Afrikaanse kultuurtoneel. Hy dien as inspirasie vir jong kunstenaars en musiekliefhebbers, en sy stem, op doek en in klank, sal nog lank weerklink.

VONK MUSIEK Blu Blood Ticketpro

# WIE IS DEON GROOT?






Deon Groot se nuwe enkelsnit "Reën" is 'n kragtige lied van hoop, gebed en Afrikanertrots. Gebore uit sy eie ervaring van droogte, dra die snit 'n diep simboliese boodskap: in elke Afrikaner leef 'n boer, en met reën kom altyd nuwe lewe.

Hy het reeds sukses behaal met sy enkelsnitte "Die Een" en "Olyfie", wat albei goue status bereik het. Op YouTube is "Die Een" goue status toegeken en "O'lyfie" platinum.

Met sy vinnige opkoms en groeiende aanhangersbasis word Deon Groot reeds gesien as een van die vars nuwe gesigte wat Afrikaanse musiek vorentoe neem.

Die Afrikaanse musiekbedryf het 'n nuwe naam wat vinnig opslae maak: Deon Groot. Hierdie sanger van Namakwaland kombineer bluegrass, modern country en pop-rock om 'n vars en unieke klank te skep.

Groot se musiek word beskryf as kortverhaal-storievertelling, met lirieke wat sowel kuierbare as diepgaande temas aanspreek. Sy sterk stem en verskeidenheid van klanke plaas hom in 'n eie liga binne die Afrikaanse musiek.



# CoolerBox BROTHERS

## PRODUKSIEMAATSKAPPY & KREATIEWE AGENTSKAP

## COOLERBOX BROTHERS IS 'N PRODUKSIEMAATSKAPPY WAAR ALLES WAT JY NODIG HET, ONDER EEN DAK GEBEUR.



Ons het van die beste en talentvolste inhoudsregisseurs, skrywers, videograwe/fotograwe, grafiese- en webwerf-ontwikkelaars, video-redigeerders en klankingenieurs.
Ons was betrokke by rolprente, TV-programme, advertensies, dokumentêre, sosiale inhoud, geleenthede en musiekvideos, wat ons gehelp het om blywende verhoudings te bou met mense regoor die Suid-Afrikaanse medialandskap.
Ons span sal help om betrokkenheid vir jou handelsmerk te verseker.




## DIENSTE ONDER EEN DAK

- TV-/Sosiale Advertensies
- “Influencer”-veldtogte
- Korporatiewe Videos
- Geleentheid-videografie/Fotografie
- Radio-advertensies
- TV-advertensies
- Kommersiële/Korporatiewe Fotografie
- Produk-videografie/Fotografie
- Inhoudskepping en Skryfwerk
- Stemopnames
- TV-reekse
- Redigering en Kleurgradering
- Grafiese Ontwerp
- Korporatiewe Identiteit
- Finale Menging
- Klank-produksie



# VONK MUSIEK VEREER KUNSTENAARS

Afrikaanse musiek kunstenaars het 18 Februarie 2025 saamgetrek by Diemersfontein Wine and Country Estate vir die Vonk Musiek Erkenningsaand.

Met 'n tema van "fotogenies", het bekendes, media en gaste saamgekom om kunstenaars se besonderse prestasies in Afrikaanse musiek te vier. Die aand is aangebied deur akteur en TV-aanbieder Arno Greeff en het 'n gesellige ete en spesiale musiekvertonings ingesluit. Dozi en sy seun, Storm, het die aand op 'n treffende noot geopen met hul weergawe van Pink Floyd se Wish You Were Here. Ander kunstenaars wat opgetree het, sluit in Tino, Vrede, Jakkie Louw en Herman Kleinhans. Boonop het Juan Boucher en Tasché die gaste bederf met hul enkelsnit, Suid.















Kunstenaars is op die verhoog vereer vir hul prestasies in kategorieë wat strome op digitale platforms en speelbeurte van musiekvideos op YouTube insluit. Hierdie toekennings is toegeken in vier statusvlakke: Goud, Platinum, Dubbel Platinum en multi-Platinum.

Van die kunstenaars wat erkenning ontvang het, sluit in: Armand Steenkamp, Zaan Sonnekus, Tino, Nicholis Louw, Herman Kleinhans, Twee, WG Nel, Tasché, Deon Groot, Jakkie Louw, Jan Rhaap, Wouter van de Venter, Jan Blohm en Juan Boucher.

Vir die eerste keer in hul loopbaan is Spoegwolf, wat onafhanklik werk, ook vereer vir hul uitmuntende stroomprestasies.
Daar is spesiale erkenning gegee aan sosiale media-smaakmakers, insluitend Lisa met die Rooi Hare, Mienke Ehlers en Zaan Sonnekus, wat hul merkwaardige bydraes in hierdie kategorie gevier het.
















Die FAK het van die geleentheid gebruik gemaak om twee musieklegendes, Richard van der Westhuizen en Valiant Swart, te vereer vir hul uitsonderlike bydrae tot die bevordering van Afrikaanse musiek. Voelgoed Media het ook die talentvolle sangeres Andriëtte met 'n spesiale toekenning vereer.

'n Hoogtepunt van die aand was die toekenning van die heel eerste Stamboom-toekenning aan Wimpie van der Sandt, eienaar van Bok Radio. Hierdie toekenning, wat individue vereer vir hul diepgewortelde bydrae tot taal, kuns en kultuur, is aan Van der Sandt toegeken vir die beduidende rol wat Bok Radio en die jaarlikse Bok-boottoere speel in die bevordering van Afrikaanse musiek en kultuur. In 'n spesiale tradisie sal Van der Sandt die verantwoordelikheid dra om volgende jaar se wenner aan te wys.

Die Vonk Musiek Erkenningsaand het weereens bewys dat Afrikaanse musiek nie net floreer nie, maar ook voortdurend groei en ontwikkel. Dit was 'n aand vol trots, glans en uitmuntende musiektalent.











# OU SILWER

## “’n Kitaar, ’n Lied en ’n Hart van Dankbaarheid – Die Dag toe Ou Silwer Huis Toe Kom”

### ANTON BOTHA:

Die Gibson was my kitaar in ‘n baie seer tyd wat baie liedjies vir my gebring het.
Ek moes hom egter verkoop in ons almal se grendel tyd maar het sy spoor gevolg deur 2 goeie mense se hande tot by Danie
By die Spoegwolf Op Ys konsert was ek baie bevoorreg om vir Danie die storie van die kitaar te vertel en hy het in een sin gesê “ek gee jou kitaar vir jou terug”
Ek het nie geweet of ek moes huil of lag nie!!!
Ek was stom geslaan!!!

Danie baie baie dankie vir jou!
Dankie vir jou hand geskrewe brief dit is meer as goud werd!
Die wêreld kan opkyk na jou!!
Ek doop hom nou “Ou Silwer”
Ek hoop dat hy deur liedjies nog baie mense se harte gaan volmaak.



KLIK HIER:






''MET 'N HART WAT OORLOOP VAN DANKBAARHEID EN VERSTOMMING WIL EK VIR DANIE BITTER BAIE DANKIE SÊ!''

# 'N LIEFDESREIS VAN GELOOF, VERBINTENIS EN WAARHEID



# "Die Pad is geïnspireer deur my Vrou"

ons troudag, ons huwelik, en ons lewensreis saam met mekaar." sê Nicholis. "Dis my weergawe van 'n troumars – iets wat ek hoop, en glo, vir ander paartjies, op hul spesiale dag, of op hul eie lewensreis, ook iets sou kon beteken." Die liedjie is egter nie beperk tot romantiese liefde nie. "Dit het betrekking tot enige spesiale verhouding – tussen ouer en kind, tussen vriende en ook in die gesin as geheel."



**NICHOLIS LOUW - DIE PAD**
KYK DIE MUSIEKVIDEO HIER



# FEESKOORS IN SUID-AFRIKA

Die Suid-Afrikaanse musiekbedryf beleef tans 'n ongekende kunstefees-era. Van Oudtshoorn tot Bloemfontein, en verder, word groot feeste en konserte amper maandeliks op die kalender aangeteken. Bekende kunstenaars verskyn op massiewe verhoë, gehore stroom in hul duisende na hierdie byeenkomste. Dit is 'n tyd van glans, energie en groot produksies, wat die liefde vir musiek vier.

Vonk Musiek, een van die grootste musiekrolspelers in die vermaaklikheidsbedryf, is geen vreemdeling op hierdie gebied nie. Vanjaar bied Vonk twee produksies aan by die "Theatre of Marcellus", by "Emperor's Palace":
KleinGroenBlohm: Vrydag 31 Oktober.
Noord Tot Suid: Vrydag 21 November





## GROOT VERHOË GROEI,

### MAAR KLEIN VENUES VERDWYN

# MAAR TERWYL

Groot verhoë groei, maar klein venues verdwyn
Terwyl groot feeste en hul konserte die kollig steel, is daar 'n donkerder kant. Kleiner venues – klubs, kroeë en teaters – wat vir dekades die tuiste was van jong kunstenaars, "verdwyn" teen 'n kommerwekkende tempo.

Volgens kenners is een van die hoofredes, finansies. In plaas daarvan om gereeld kleiner optredes by te woon, kies gehore toenemend om hul geld te spaar vir een of twee groot konserte per maand/jaar. Dit beteken dat opkomende kunstenaars minder platforms het waar hulle hulself kan bekendstel en hul "vlerke kan sprei". Die verlies van die Ticketpro Dome in 2021, een van die land se mees ikoniese venues, het hierdie verskuiwing nog sigbaarder gemaak.

Die groot vraag bly: "Wat beteken hierdie tendens vir die toekoms van Suid-Afrikaanse musiek?" Groot feeste bied ongekende sigbaarheid vir gevestigde name, waar gehore die kans kry om saam te vier en sing in skares. Maar hierdie konsep, van groot feeste, kan veroorsaak dat nuwe en opkomende kunstenaars meer gaan sukkel om naam te maak, of geen naam gaan maak.

Die uitdaging lê dus daarin om balans te vind.  Om die skouspel van groot verhoë te vier, maar terselfdertyd die kleiner ruimtes te beskerm en te benut.
Een ding is seker: Suid-Afrikaners se liefde vir musiek is vasgeanker, of dit nou in die skare van 'n volgepakte fees is, of in die intieme atmosfeer van 'n klein kroeg.

# Meer oor ons

Vonk Musiek is 'n trotse onafhanklike platemaatskappy, wat sedert 2004 aan die voorpunt van Afrikaans musiek staan.  As 'n platemaatskappy het ons, onsself toegewy aan Afrikaans musiek en die ontwikkeling van nuwe talent.

Vonk Musiek is gestig deur Kobie Koen, 'n ware ambassadeur van Afrikaans musiek.  Koen het'n passie om nuwe talent te ontwikkel en bestaande kunstenaars se loopbane te versterk. Soos Kobie dit stel : "Ons bou loopbane, nie renbane nie".

By Vonk Musiek glo ons in die waarde van egtheid, volhoubaarheid en kreatiwiteit. Ons missie is eenvoudig – Afrikaanse musiek moet vlam vat!

Nuwe kunstenaars moet blootstelling kry - hulle moet toegerus word, met die nodige.  Sodoende kan hul suksesvol raak in 'n dinamiese bedryf.
Vonk Musiek se ondersteunende musiekspan verseker dat daar 'n volledige lys dienste aan kunstenaars gelewer word. Vonk tree op as 'n verspreider van musiek.  Video- en musiekvervaardiging word op 'n digitale en fisiese verspreidingsplatform aangebied.  Hiermee word publisiteit en bemarking, van die musiek en kunstenaar ingesluit.

As 'n onafhanklike platemaatskappy is Vonk Musiek buigsaam, vinnig aanpasbaar en altyd gefokus op wat die beste is vir ons kunstenaars.

Vonk is 'n familie, 'n span en 'n beweging wat streef na kwaliteit, trots en impak.
Om deel te wees van Vonk Musiek is soos om jou eerste span rugbytrui aan te trek – hier maak ons treffers, en ons speel hulle Vonk en Hard.





# AMPIE SE MIELIEBROOD

*Hierdie goue, botterige mieliebrood is sag aan die binnekant met 'n liggies krummelrige tekstuur en net soet genoeg. Perfek as 'n bygereg saam met sop, bredie of selfs by die braai.*

VOORBEREIDING: **10 MIN**

BAK TYD: **60 MIN**

OPBRENGS **10 SNYE**

## BESTANDDELE:

- 250 ml koekmeel
- 250 ml mieliemeel of fyn polenta
- 5 ml sout
- 15 ml bakpoeier
- 15 ml suiker
- 1 x 410 g blikkie geroomde suikermielies
- 2 eiers
- 125 ml melk
- 30 ml gesmelte botter

## METODE:

1. Voorverhit die oond tot 180 °C. Smeer 'n middelslagbroodpan goed. Voer dit uit met bakpapier en smeer weer liggies.
2. Meng die droë bestanddele saam in 'n groot bak en maak 'n holte in die middel.
3. Klits die mielies, eiers, melk en gesmelte botter saam.
4. Gooi die mengsel in die holte van die droë bestanddele en roer totdat 'n stywe beslag vorm.
5. Skep die beslag in die voorbereide pan.
6. Bak vir 50-60 minute of totdat dit deurgaar is ('n toetspen moet skoon uitkom).
7. Laat vir 10 minute in die pan afkoel. Keer dit dan op 'n draadrak uit.





# MARI BOSMAN SE BEESVLEIS POTJIEKOS MET ROOIWYN

*Die Beesvleis Potjiekos met Rooiwyn is 'n geurige, stadig-gekookte pot vol sagte beesvleis, vars groente en kruie, verryk met diepte van rooiwyn en Worcestersous. 'n Hartige en troosryke ,dis wat ideaal is vir 'n gesellige kuier rondom die vuur.*

VOORBEREIDING: **30 MIN**

KOOK TYD: **2½ – 3 URE**

OPBRENGS **6 – 8 PERSONE**

## BESTANDDELE:

- 1,5 kg beesstert of beesken (in blokkies gesny)
- 2 eetlepels olyfolie of sonneblomolie
- 2 groot uie, gekap
- 3 knoffelhuisies, fyn gekap
- 3 wortels, in skywe gesny
- 3 aartappels, in kwarte gesny
- 250 g sampioene, gehalveer
- 1 rooi soetrissie, in repies gesny
- 1 groen soetrissie, in repies gesny
- 2 tamaties, gekap
- 2 eetlepels tamatiepasta
- 1 koppie droë rooiwyn
- 2 koppies bees-aftreksel (beef stock)
- 2 lourierblare
- 1 teelepel roosmaryn
- 1 teelepel tiemie
- Sout en swartpeper na smaak
- 1 eetlepel bruin suiker
- 1 eetlepel Worcestersous



# METODE:

1. Verhit olie in jou potjie oor medium kole. Braai die vleis in sarsies totdat dit mooi bruin is. Haal uit en hou eenkant.
2. In dieselfde potjie, braai die uie en knoffel tot sag en goudbruin.
3. Voeg die wortels, aartappels, soetrissies en sampioene by en roer liggies.
4. Sit die vleis terug in die potjie. Voeg die tamaties en tamatiepasta by en meng goed.
5. Gooi die rooiwyn in en laat dit vir sowat 5 minute kook om die alkohol effens te laat verdamp.
6. Voeg die bees-aftreksel, lourierblare, kruie, suiker en Worcestersous by. Roer liggies.
7. Sit die deksel op en laat prut stadig oor lae hitte vir 2½ – 3 ure. Moenie roer nie – laat die lae hulle eie geure bou.
8. Proe en geur met sout en peper net voor opdiening.

# BEDIENWENK:

Heerlik saam met rys, stampmielies of vars gebakte brood om die sous op te vee.







# LEGENDES IN DIE SUID-





# AFRIKAANSE MUSIEK GESKIEDENIS




NOU BESKIKBAAR
JY WAS ALTYD HIER


NOU BESKIKBAAR
OP EN DOP


NOU BESKIKBAAR
INSECURE
MEISIES


NOU BESKIKBAAR
WG NEL



NOU BESKIKBAAR
Roepstem
MARI BOSMAN




# 'N ONDERHOUD MET GIFT MATJILA



> AS 'N JONG KIND WOU EK NET MUSIEK MAAK, EN DAAR IS NIKS SO KREATIEF SOOS 'N NEGEJARIGE SEUNTJIE NIE.



01

**Jy het jou liefde vir musiek al vroeg ontdek. Hoe het jou kinderjare jou as kunstenaar gevorm?**

My broer het altyd, wanneer hy na 'n nuwe liedjie geluister het, vir my daarvan kom vertel of dit vir my gespeel. Dis een van die vele redes. My vriende, wat ook groot musiekliefhebbers is, het ook 'n groot rol gespeel.

02

**Jou ma praat van jou 'spanner-musiek' in die buitekamer. Hoe het daardie eenvoudige begin jou kreatiwiteit gevorm?**

As 'n jong kind wou ek net musiek maak, en daar's niks so kreatief soos 'n negejarige seuntjie nie. Dus was spanners perfek vir my (al was dit nie altyd vir almal se ore nie)

03

**Wat het jou in 2016 laat besluit om weer ernstig met musiek voort te gaan?**

Die liefde vir musiek, en die hoop dat dit iemand kan aanraak, sowel as my helde – van Spoegwolf tot Robbie Wessels en Bok van Blerk

04

**Op watter manier het Robbie Wessels en Spoegwolf jou styl en jou benadering tot musiek beïnvloed?**

Ek hou van Robbie se diep musiek, asook sy humor en storievertelling daarin. Spoegwolf is vir my soos 'n gedig met klank in die oortreffende trap. Hulle liedjies raak my, praat met my en genees my. Daarom dink ek speel dit so 'n groot rol in my skryfproses.

05

**Jou debuutenkelsnit, Ek Staan by Jou, is 'n hartroerende ode aan Suid-Afrikaanse boere. Wat inspireer jou om sulke boodskappe in jou musiek oor te dra?**

Ek sê altyd vir mense: Ek het nie die lied geskryf om beroemd te word nie. Dit was 'n oomblik waar die Heilige Gees my gelei het om iets eg en reg uit die hart uit te skryf. Ek is lief vir ons land en vir die mense wat elke oggend opstaan om 'n verskil te maak.

06

**verkies om in Afrikaans te skryf. Wat beteken dit vir jou om jou stories in jou moedertaal te vertel?**

Afrikaans is my moedertaal – dis my "superpower"!
Dis 'n eer, en dit is só lekker om nie net stories te kan vertel nie, maar ook musiek in Afrikaans te maak én boonop Afrikaans as vak te kan aanbied.

**07** **Hoe gebruik jy jou eie ervarings en waarnemings van die wêreld in jou liedjies?**


Spoegwolf sing in een van sy liedjies:
"Puin word kind, kind word wind, en ek glo dat alles om jou 'n lied in wording is – al is dit in die hier en nou seer."
My inspirasie kom soms in 'n oomblik, soms in 'n woord, soms in die stilte. Maar ek kan net skryf as ek in 'n goeie bui is; anders kom daar niks uit nie.

**08** **Jy balanseer onderwys en 'n musiekloopbaan. Hoe bestuur jy hierdie dubbele verantwoordelikheid?**

Dit is soms rof – kinders, boeke, toetse, ouers. Ek probeer om my skoolwerk by die skool af te handel, en daarna transformeer ek in 'n musikant. Nee haha, ek grap. Ek is eintlik 'n musikant by die skool ook, en 'n onderwyser by die shows. Vir my werk dit goed uit, want ek kan so probeer om kinders te inspireer om hulleself nie te beperk nie.
Ja, soms is dit moeilik, en soms is jy moeg ná 'n week se skoolgee. Maar dit is ongelooflik as jy by 'n plek kan sing en daar is iemand in die gehoor wat jou lied ken, of jou kom groet en sê: "Welgedaan, jongman!

**Kyk musiekvideo hier:**







VONK MUSIEK®




vonkmusiek.co.za